
Sitrus Aanplanting Bestuur

4 Boord Aanplanting


Leergids



Kopiereg ©



Posbus Box 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410



© Citrus Academy NPC
1^{ste} uitgawe 2017

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op oudiovisuele opleidingsmateriaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

Draaiboek:
Mooipraatjies

Aanbieder:
Mariëtta Kruger

Oudiovisuele produksie:
Media World

Addisionele inligtingsbronne:

Produksieriglyne vir Uitvoersitrus: Deel I – Verbouing van Sitrus: Vestiging, *Citrus Research International*
Cultivar Fact Sheet, *Citrus Research International*
Sitrus Akademie produksie opleidingsmateriaal:
Enterprise Selection and Establishment
Orchard Establishment
Propagation

Projek koördineerder:

Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)



Vrywaring

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

Inhoud

| | |
|----------------------------------|----------|
| Inleiding | 4 |
| Gereedschap en Toerusting | 4 |
| Meet Toerusting | 4 |
| Plant Gereedschap | 5 |
| Grond Voorbereiding | 5 |
| Windskerms | 6 |
| Besproeiingspype | 6 |
| Plant Materiaal | 7 |
| Plant Toestande | 7 |
| Weerstoestande | 7 |
| Grond Toestande | 8 |
| Plant Prosedure | 8 |
| Jong Boom Nasorg | 9 |
| Ten Slotte | 9 |



Inleiding

Nadat sitrus boompies geplant is sal hulle vir tot dertig jaar lank vrugte produseer, en die boompies moet genoeg vrugte van 'n goeie kwaliteit voortbring. Jy kry net een kans gedurende al hierdie tyd om die boord te plant, so dit is die moeite werd om dit goed te doen. Nadat al die beplanning gedoen is en besluite geneem is aangaande wat ons gaan plant en die ligging en uitleg van die boord, moet ons die boord begin voorberei en die boompies in die grond kry.

Gereedskap en Toerusting

In die eerste plek, kom ons kyk na die gereedskap en toerusting wat ons sal benodig wanneer ons plant.

Meet Toerusting



Ons sal meetgereedskap benodig om die boord uit te lê sodat ons met penne kan merk waar elke boom geplant moet word. Hiervoor het ons 'n teodoliet of "dumpy level", 'n maatband, 'n plantlyn of -kabel en penne nodig.

Teodoliete en "dumpy level" word gebruik om reguit lyne te merk asook reghoeke. Ons gebruik hulle om seker te maak dat die rye reguit is en parallel met mekaar loop.

Die maatband word dan gebruik om die afstand tussen rye en bome te meet, en ons plaas dan plantlyne of -kabels om die posisie van die rye te merk. Soms word kalk gebruik om die rye te merk. Jy kan ook knope in die plantlyn of -kabel maak om die posisie van elke boompie in 'n ry aan te dui en gebruik dan penne om die plekke te merk.

Plant Gereedskap

Volgende kyk ons na die gereedskap wat ons nodig het terwyl ons plant. Dit sluit plantborde, grawe, spitte en waterkarre in. Verseker altyd dat jy genoeg gereedskap het en dat die gereedskap in 'n goeie toestand is voor jy begin plant.

Onmiddellik nadat ons geplant het mag jy miskien ook snoeiskêre, bioafbreekbare toutjies en stambedekkers nodig hê. Snoeiskêre word gebruik om beseerde of ongewenste takke af te sny. Die toutjies word gebruik om die boompie aan die pen vas te maak vir meer stabiliteit. Die stambedekkers, van papier of strooi, word om die onderste gedeelte van die stam geplaas sodat daar nie suiers ontwikkel nie en om die boompie teen onkruidodders te beskerm. Dit help ook om die jong stammetjie teen sonbrand te beskerm in warm areas.



Grond Voorbereiding



Plant voorbereiding begin met die voorbereiding van die grond. Dit word gewoonlik so drie tot nege maande voordat ons plant gedoen, afhangend van hoeveel vog in die grond is.

Om die grond voor te berei gebruik ons fisiese en chemiese voorbereidingsmetodes, sodat die boompie se wortels behoorlik kan ontwikkel. Die wortels moet deur die grond kan groei en water en

voedingstowwe opneem. Dit is makliker as die grond 'n goeie fisiese struktuur het. Die bome kan dan vinnig en goed groei, en soveel gouer begin vrugte dra.

In meeste gevalle sal die grond een of ander chemiese wanbalans hê wat ons iets aan sal moet doen voordat ons die boompies plant. Terwyl ons die beplanning doen grawe ons profiel gate en neem grond monsters wat dan ontleed word in 'n laboratorium. Gekwalifiseerde grondwetenskaplikes gee dan advies aangaande wat ons in die grond moet inwerk om dit voor te berei vir plant sodat die chemiese wanbalans die bome nie affekteer nadat hulle geplant is nie.

Grond voorbereiding begin met die omploeg van die grond tot op 'n diepte van tussen sestig en een-honderd sentimeter. Dit maak die grond dieper en help die wortels om te ontwikkel omdat die grond losser is. Dit help ook om harde lae op te breek wat miskien die wortel sou vertraag en water sou vasvang.

Soms gebruik ons die grond van die area tussen die rye om rante op te bou waarop die boompies geplant sal word. Ons doen dit om die grond dieper te maak en dit help ook met dreinerings. Party boere verkies rante selfs op dieper grond omdat dit trekker en ander masjiene dwing om net tussen die rye te ry. Ons wil nie hê dat trekkers op die

grond ry waar bome geplant gaan word en daardeur die grond kompakteer nie, dit sal wortel groei moeiliker maak.

Nadat die grond omgeploeg is, is dit belangrik om trekker en sleepwaens, sover moontlik, uit die boord te hou sodat die grond nie weer gekompakteer word nie. Trekkers en sleepwaens word gebruik om boompies en ander voorrade in die boord af te lewer wanneer ons plant, maar ons moet versigtig wees waar hulle ry. Dit is beter om die boorde en rye duidelik uit te meet en die areas waar die boompies gaan wees met landbou kalk te merk. Die voertuie kan dan op die paaie bly wat uiteindelik die areas tussen die rye sal word.

Windskerms

Volgende moet ons windskerms plant. Hierdie bome word geplant op die grense van die sitrus boord om die bome te beskerm teen wind. Klein vruggies kan beseer word deur takkies en blare as hulle blootgestel word aan wind. Dit sal letsels op die vrugte los wat kan veroorsaak dat die vrugte nie uitgevoer kan word nie. Te veel wind kan ook die grond vinniger uitdroog en grond erosie veroorsaak. Dit kan selfs die bome beskadig. Windskerms behoort 'n goeie ruk voor die sitrus bome geplant te word sodat hulle die jong boompies kan beskerm.



Die bome wat ons gebruik vir windskerms moet vinnig groei en groot en sterk wees. Hulle moet verkieslik nie baie water benodig nie, en moet ook nie pes insekte huisves nie.

Besproeiingspype

Die volgende stap is om die besproeiing stelsel te installeer in die nuwe boord. Meeste besproeiing stelsels het hooflyne, sub-lyne en moederlyne wat water aan die boord voorsien. Hierdie pype word begrawe voordat ons begin plant in die nuwe boord. Sodra ons klaar geplant het, kan ons dan onmiddellik die laaste pypies en sproeikoppies installeer.

Plant Materiaal



Namate ons nader aan die beplande plant datum kom sal die boompies wat ons bestel het vanaf die kwekery afgelewer word. Ons moet seker maak dat hierdie boompies gesond en sterk is wanneer hulle by die plaas aankom, en ons moet na hulle omsien totdat hulle geplant word.

By die kwekery word boompies in grond in plastieksakke gegroei, en dit is hoe hulle by die plaas sal aankom. Die boompies word goed natgemaak voordat hulle die kwekery verlaat sodat die grond nie sal uitdroog gedurende die rit plaas toe nie. Dit is verkieslik om die boompies in 'n toevoertuig te vervoer sodat hulle beskerm is teen die wind en hitte, en dus nie beseer word nie.

Sodra die boompies op die plaas aankom moet hulle in 'n veilige plek gesit word en nat gemaak word. Maak ook seker dat jy die grond in die sakke klam hou totdat die boompies geplant word. Die wortels van die boompies mag nie toegelaat word om uit te droog nie.

Plant Toestande

Nou gaan ons plant. Maar voor ons kyk na die beste manier om dit te doen moet ons eers dink aan die beste toestande wanneer ons plant. Onthou dat dit 'n skok is vir die boompie wanneer ons dit uit sy sak uithaal en in die boord plant. Die boompie moet eers herstel van hierdie skok voordat dit kan tuis voel in die boord en begin groei. Hoe meer plant-vriendelik die toestande is wanneer ons plant, hoe gouer sal die boompie begin groei.

Weerstoestande

As ons kyk na die weerstoestande dan moet ons nie gedurende uiterste temperature plant nie. Onthou dat temperature hoër as nege-en-dertig grade Celsius bome sal beskadig, terwyl die laagste temperatuur waar 'n sitrus boom nog groei dertien grade Celsius is. Probeer om boompies in die oggend te plant wanneer temperature in die middel twintigs is. Hou op plant sodra dit te warm word en sit die boompies wat nog nie geplant is nie in 'n plek waar hulle beskerm is teen die hitte.

Reën terwyl ons plant is in meeste gevalle 'n goeie ding, maar as die grond te nat word sal jy moet ophou plant en eers wag dat die grond bietjie uitdroog voor jy weer begin. Jy wil nie in sopnat grond plant nie.

Grond Toestande

Die grond moet ook nie te warm of te koud wees wanneer ons plant nie. As die grond te koud is sal die boom nie vog kan absorbeer en groei nie, en as die grond te warm is sal dit uitdroog en vogstres veroorsaak.

Kortliks, wanneer ons boompies plant moet die grond goed voorberei wees tot op 'n diepte van ten minste sestig sentimeters, goed gedreineer wees, met ander woorde nat genoeg sodat die wortels nie vogskok ontwikkel nie, maar ook nie so nat dat kluite vorm nie. Die grond temperatuur moet ook verkieslik hoër as twintig grade Celsius wees.

Plant Prosedure

Nou, uiteindelik, is dit tyd om die bome in die grond te kry. Ons het ons toerusting in die hand, ons boorde is uitgemeet, die besproeiing is geïnstalleer, en al die plant toestande is optimaal.

- ❖ Die eerste ding wat ons doen is om 'n gat te grawe vir die boompie net voor ons die boompie plant. Dit is beter om 'n tuinvurk te gebruik om die gat te maak want 'n graaf mag miskien die kante van die gat saampers as die grond te nat is, wat sal veroorsaak dat die wortels sukkel om te groei. Om te weet hoe groot die gat moet wees, kyk na die plastiessakkie waarin die boompie is en gebruik dit as 'n maatstaf. Die gat moet net diep genoeg wees vir die wortels van die boompie, maar 'n bietjie breër as die plant sak. Maak 'n klein hopie grond onder in die plant gat.
- ❖ Volgende haal ons die boompie uit die sak uit. Skud omtrent 'n kwart van die grond uit die wortel uit, sodat ten minste 'n derde van die wortels in direkte kontak met die grond in die boord sal wees nadat die boompie geplant is. Ons wil nie die wortels te veel pla nie, sodat die boompie so min as moontlik geskok word, maar die wortels moet in die nuwe grond gehuisves word.
- ❖ As daar 'n knop wortels onder in die plastiek sak is, maak hulle versigtig los en sprei hulle uit. Plaas die boompie op die hopie grond in die gat en vul die gat weer op met die grond.
- ❖ Beweeg die boompie liggies heen-en-weer om seker te maak dat die grond gelyk om die wortels sak, en om seker te maak dat daar nie luggate om die wortels is nie. Dit help ook om die boompie stewig in die grond te plaas. Stamp dan die grond liggies om die stam bo die wortel-sone. Die grond moet nie om die stam gehoop word nie omdat die water dan afloop weg van die wortel-sone af.
- ❖ Die basis van die boomstam moet effens bo die grond oppervlak wees. Jy behoort net-net die plek waar die eerste wortels groei bokant die grond te kan sien. Ons doen dit sodat daar nie enige deel van die stam onder die grond sal wees wanneer die boompie gesak het nie. As die stam onder die grond oppervlak is, is daar 'n gevaar dat die stam miskien met Phytophthora besmet kan word, wat kraagvrot veroorsaak.
- ❖ Gee die boompie water nadat dit geplant is en maak dit vas aan die pen met 'n toutjie. Die pen moet omtrent een en 'n half meter lank wees, en so geplant wees dat daar omtrent 'n meter bokant die grond is. Die pen bly daar vir 'n jaar om die boompie te help om reguit te groei. Laastens maak ons die stambedekking onder aan die stam vas.

Jong Boom Nasorg



Noudat ons boompies in die grond is, kan ons hulle nie net los en hoop vir die beste nie. Dit is belangrik dat ons moet omsien na die jong bome. Besproeiing is belangrik, sowel as om seker te maak dat peste, siektes en onkruid beheer word in die boord. Ons moet ook die jong bome kunsmis toedien om te verseker dat hulle alle nodige voedingstowwe het. Dit is ook belangrik om seker te maak dat die pen in plek bly gedurende die eerste jaar, en dat die stambedekking daar is om die boom teen

onkruidodders te beskerm en om te keer dat suiers uitgroeï. Dit sal ook die boom teen sonbrand beskerm in warm areas. Indien jy nie stambeskers gebruik nie kan jy die stamme ook verf met 'n verwaterde wit PVA verf, om hulle teen sonlig te beskerm.

Ten Slotte

Om 'n nuwe sitrus boord te plant kan stresvol wees, want om dit reg te doen is so belangrik vir die uiteindelijke sukses van jou plaas. Maar as ons behoorlik beplan en seker maak dat alles in plek is voor ons begin plant, kan ons die stres uit die proses haal, en ons kan die jong boompies die beste moontlike kans gee om produktiewe en winsgewende lede te word van die sitrus boord.

citrus
academy

